# KOERSVAS

Jaargang 6 Uitgawe 138 15 Junie 2018






In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings


## REDAKSIONEEL

**'n Leke Skrif- en Kerkbeskouing**

Skrifbeskouing verstaan ek as iets onverstaanbaar wat met 'n mens gebeur wanneer jy die Skrif lees: Jy glo. Die Bybel is die Geopenbaarde Waarheid wat God aan ons hier op aarde deurgegee het om Hom, en onsself, te leer ken. Die Bybel is aan die eenkant 100% God se Woord, en aan die anderkant, 100% mense se woord. Die Heilige Gees het aardse mense geïnspireer om geskrifte te skryf wat uiteindelik bekend sou staan as die Bybel. Wat ons in die Skrif van onsself lees, is om die minste te sê, hartverskeurend - ons is stukkende mense. Wat ons egter van God in die Skrif lees, is dat Hy ons nie weggooi nie, maar ons in sy Goddelike liefde toevou.

In navolging van die Bybel vertel die Heidelbergse Kategismus ons dat ons, uit die staanspoor, sondige mense geword het. Dan sluit die Kategismus, Skrifgetrou, met 'n dank- en pryslied af: Die gebed wat Jesus Christus ons kom leer het, Die Onse Vader. Hoor die slotwoord van die gebed: Aan U behoort die koninkryk, die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Die punt wat ek wil maak is naamlik: Skrifbeskouing kan op geen ander punt begin nie as net met dankbare geloof. Die Skrif sê uiteindelik vir ons dato ek leef en of ek sterf, ek aan die Here behoort. Daar kan geen groter lewens blydskap en lewensverwagting as dit bestaan nie. Hier het die Skrif self die lyne getrek oor hoe die Skrif verstaan, of dan, beskou moet word: God is God en ons is sy skepsels wat voor Hom leef.

Skrifbeskouing het na sy menslike kant en insigte, baie, en duidelike, beperkinge.

Ons sien dit regdeur die geskiedenis van die kerk. Telkens gebeur dit dat dwaalleer onder mense posvat. Die regte Skrifbeskouing kan net bestaan wanneer ons, mense, uit die staanspoor erken dat vanuit onsself ons die Skrif nie reg kan lees of verstaan nie. Ons kan die Skrif reg verstaan, slegs as die Heilige Gees ons daartoe bring.

En die teken van die werk van die Heilige Gees vind ons in die troos en blydskap wat die Skrif ons elkeen bring - diep in die hart - nie op die hoeke van die straat nie.

Die oomblik toe Jesus Christus gesê het: Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul - is die saak van die regte Skrifbeskouing in rooi onderstreep. Terwyl die Skrifgeleerdes onder die waan geleef het dat hulle uitleg van die Skrif die een en die alles is, het

Jesus Christus dit met ontnugterende woorde as vals en leeg afgemaak.
Dink maar net aan Jesus se opmerkings soos: Julle het gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is ... Maar Ek sê vir julle ...
Christus kom met 'n ánder Skrifbeskouing as dié van die Skrifgeleerdes van sy dag.
Dit beteken vir vandag dat iemand wat reken dat hy staan met sy Skrifbeskouing, moet oppas dat hy nie val nie. Skrifbeskouing vra diepe en biddende nadenke oor die Woord. Dink maar aan die woorde van Psalm 1 "*Dit gaan goed met die mens ... wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink*".
In ons Bond word op die oomblik die begrip van kerk en kerk wees deur enkele persone op die spits gedryf. In dié gesprekke word van woorde en begrippe gebruik gemaak soos Independentisme, kongregasionalisme en dies meer. Dié woorde word gebruik om die gevare aan te dui in welke rigting die Bond kan of gaan beweeg. By terugskoue na waar ons, die Bond, vandaan kom, ontstaan die vraag of 'n nie-independente-, 'n nie-kongregasionalistekerk werklik die waarborg is (was) vir 'n suiwere Skrifbeskouing. Indien wel, hoekom is ons dan vandag waar ons is? Daar is net een antwoord: Geen kerkbestel kan 'n waarborg bied vir 'n regte geloof, en daarmee saam 'n regte Skrifbeskouing nie. Die hiërargiese Roomse kerk kon, en kan dit nog steeds nie doen nie. Die presbiteriale-sinodale stelsel van ons moederkerk, kon, en kan dit nog steeds nie doen nie.
Die enigste wat van dag een af die rots van kerk wees was, is die belydenis soos dit opgeteken is in Matteus 16:16 "*U is die Christus, die Seun van die lewende God*".
My beskeie mening is dat ons die situasie waarin ons as Bond ons bevind, moet gebruik om ons troos en blydskap terug te vind van waar dit vandaan kom: God se Woord. Ons moet in ons situasie iets sien van ons eintlike vreemdelingskap in hierdie wêreld. Terwyl ons elkeen vandag maar net weer ons enigste troos daarin vind dat ek in lewe of dood aan Jesus Christus behoort, sal God self sy besluite oor ons Bond neem. Geloof, kerk wees beteken nie dat 'n mens antwoorde op alle vraagstukke het nie. Geloof, kerk wees beteken dat jy weet wie jy is, en aan Wie jy behoort: Jesus Christus. So 'n mens ís deel van God se een, heilige, algemene kerk. En hiérdie kerk het nie 'n aanwysbare struktuur nie. Prof van der Westhuizen skryf tereg in sy kommentaar oor Markus: 14:27-31: "*Die eenheid van die kerk lê nie in die organisering van ‘n gemeente of ‘n organisering van meer gemeentes tot een nie, of van meer kerke tot een nie. Dit kan baie maklik ‘n kerklike toring van Babel word, en ‘n aardse magsliggaam. Die eenheid van die kerk lê nie in die Naam, Christelik, wat mense of gemeentes of kerke aangryp nie. Die eenheid van die kerk lê nie in die eenheid van kennis van Jesus of in die eenheid van navolging van Jesus nie, maar in die eenheid van die verlossingsdood van Jesus. Die eenheid lê in die een geloof dat Jesus die Christus is wat vir ons gesterf het, ...*"
Gaan lees mens die kritiek en kommentaar oor die ekumeniese liggame se verstaan van kerk eenheid, is dit duidelik dat ons as Bond ons plaas by die belydenis dat kerk veel meer is as net strukture. Kortom strukture waarborg nie kerk of eenheid nie, inteendeel. Kerk gaan oor die geloof in Jesus Christus. Die situasie waarbinne die Bond ontstaan het moet ook in ag geneem word. Dit is duidelik dat persone wat kritiek

uitspreek oor die Bond, dit nie in ag neem nie.
Hoe ons Bond uiteindelik struktureel daar moet uitsien, laat ons in God se hand.
As ons Bond tog maar net genade in God se oë mag vind.

Ds Frans Oosthuizen- Meyerspark

## BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### BONDSVERGADERING

Die jaarlikse Bondsvergadering vind hierdie jaar te Pietersburg plaas van 2-4 September 2018. Gemeentes word daaraan herinner om hulle Geloofsbriewe voor 8 Junie 2018 by die Skriba in te handig. Beskrywings-punte moet op dieselfde datum ingestuur word. Die GHG dagbestuur se Agenda-vergadering vind plaas op 15 Junie 2018.

### GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na http://www.geloofsbond.org.za/
Daar is ook weekliks nuwe preke op ***whatsapp*** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

### BLOEMFONTEIN

1 April 2018 het Bloemfontein gemeente twee nuwe kerkraadslede bevestig. Ons groei, stadig, maar ons groei.



Diaken Huibré Lombard Ds Lewis Strauss Ouderling Des Lombard

### GELOOFSBONDKWILT 3 (2018)

Kontak Ansie Steyn van Oostelike Pietersburg by 083 630 1107 vir u gemeente se lootjievorms. Alle lootjievorms moet asseblief voltooid in wees **voor einde Junie**. Elke Bondsgemeente se dames word uitgenooi om lootjielyste te neem en saam betrokke te wees by die fondsinsameling. Sodoende dra u by tot die opleiding van die Geloofsbond se jong teologie studente.

### LEWENSBROOD 2019-2020

Daar word ywerig geskryf aan die dagstukkies vir ons volgende Lewensbrood. Die instuurdatum is om die draai. Intussen ontvang die Redaksie gereeld boodskappe waarin dank en waardering oorgedra word ten opsigte van die dagstukkies in die 2018-2019 uitgawe. Op ons beurt - ons dank aan al die toegewyde predikante wat tyd inruim om te skryf.

### OORNAG FASILITEITE

**Villa Stoney B+B**

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !
Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek
- naby hospitaal en besighede-
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers
Etes en wasgoed op afspraak
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney**
Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 auri@mweb.co.za.

### DRUKWERK


Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke

- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke

- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com


Die Memorandum van die Volksraad bevat 'n bondige uiteensetting van ons volkgeskiedenis vanaf 1652 tot en met 2016; o.a.:

- Die wettige wyses waarop ons grond verkry is
- Kaarte van 13 voormalige Boere-Republieke
- Die feite rakende Britse onderdrukking
- Uitgawes op Swartes en verdere statistiek tydens Apartheid
- Die feite en statistiek rakende ons onderdrukking onder die ANC

Bestel vandag jou kopie by Chantal: tel. 079 740 7214 of chantal.kruger@vvk.co.za

# KONSENTRASIEKAMPDAG
# SATERDAG 16 JUNIE 2018

**Geagte volksgenoot, Die Paardekraal Feeskommissie nooi u hiermee hartlik uit om hierdie Konsentrasiekamp Herdenking by te woon, te Paardekraal Monument, Krugersdorp op die hoek van Paardekraalweg (R28) en Andries Pretorius weg. (Ingang in Andries Pretorius weg).**


**GPS Koordinate vir hoofhek - 26º05'28.92" S en 27º46'51.10"E**

| | |
|---|---|
| **10:00** | **Opening (Skiflesing, boodskap en gebed)** – (Ds van Feeskommissie) |
| **10:10** | **Verwelkoming** (Voorsitter van Paardekraal Verkenners – Leon Naudé). |
| **10:15** | **Paardekraal Burger Projek** (Sid Mann). |
| **10:20** | **Krugersdorp Konsentrasiekamp** – Kort vertelling – Alwyn De Klerk. |
| **10:30** | **DVD Vertoning** oor Turfontein konsentrasiekamp (Sean Duncan). |
| **11:30** | **Besoek** Burgershoop Konsentrasiekamp Kerkhof en konsentrasiekamp (Met voertuie) |
| **12:30** | **Kranslegging**-Burgershoop Konsentrasiekamp Kerkhof - (Verkenners) |
| **12:45** | **Terug na Paardekraal** |
| **13:00** | **Plant van 'n boom** - Ter herdenking (Chris Hoogendyk voorsien boom) Teenwoordiges spit die gat saam. |
| **13:30** | Informele **Windbuks Kompetisie** (Chris Hoogendyk) (Windbukse, koëltjies en teikens word voorsien – R10/deelnemer/teiken) |
| **15:00** | **Prysuitdeling** (1ste,2de & 3rde)–(C.Hoogendyk) |
| **15:15** | **Bring en Braai of potjiekos** (Braaivure, pap, sous en slaaie word gratis voorsien). **(Bring u eie vlae, stoele, eetgerei, drinkgoed en vleis)** |

**RVB Dames voorsien koffie en koeldrank deurlopend.**

**Kom besigtig die borde met die name van die Krugersdorp Konsentrasiekamp sterftes daarop in die Paardekraal Monument Museum. Oom Paul se koets kan ook besigtig word.**





Navrae:- Leon Naudé – 0837555224

**Die dag word aangebied deur die Paardekraal Feeskommissie in samewerking met die Paardekraal Verkenners en die Paardekraal RVB.**

DIE VERKENNERS
PAARDEKRAAL

RVB
REPUBLIKEINSE
VROUE
BEWEGING

PAARDEKRAAL RVB